



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 11**

**NOVEMBER 2013**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1  
MEMORANDUM**

**PUNTE: 80**

---

Hierdie memorandum bestaan uit 13 bladsye.

---

## AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP

### ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word NIE geenaliseer nie, behalwe as die spelling die woordbetekenis verander.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie geenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. Geen punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie.
- By vrae wat WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING vereis:
  - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING is KORREK =  $\checkmark$  plus die
  - rede/motivering/aanhaling is KORREK =  $\checkmark$
  - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING is korrek =  $\checkmark$  maar die
  - Rede/motivering/aanhaling is VERKEERD =  $x$
  - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING vir die rede/motivering is VERKEERD =  $x$  en die rede/motivering/aanhaling verdien nie 'n punt nie ongeag of dit die KORREKTE rede/motivering/aanhaling is.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word die kandidaat NIE GEPENALISEER indien die aanhalingstekens ontbreek NIE.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek MITS die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word. Die kandidaat kan ook die antwoord begin met: Die woord is ...
- By vrae wat een feit of punt of twee/drie feite/punte vereis en die kandidaat gee 'n hele reeks:
  - sien SLEGS die vereiste feit(e)/punt(e) na.
  - Indien die feit/(e)/punt(e) met merkers aangedui is, word die eerste antwoord(e) per merker nagesien.
- Indien 'n antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

**VRAAG 1: KOERANTARTIKEL**

**TOT SIENS ANNA, JY WAS 'n DAME** [Verwerk uit *Rapport* (Alwill Wescott/blog), 12 Oktober 2012]

VRAAG	MEMORANDUM		PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
1.1	B/lid		1	2	1	1
1.2	eufemisme		1	2	2	1
1.3	1.3.1	Onwaar	1	2	1	3
	1.3.2	Dit kom nou al 'n paar maande./Dit het gelyk asof sy 'n abses in haar mond ontwikkel en ons is uiteindelik met haar veearts toe.	1	2	1	3
1.4	vinnige/ongelooflike (Enige een of soortgelyk.)		1	2	1	2
1.5	Daar was meer prosedures wat hulle wou doen./Daar was ander dinge wat hulle met Anna wou doen. Daar was ander operasies wat hulle wou uitvoer. (Enige een of soortgelyk.)		1	2	2	4
1.6	Om medisyne/pille/n inspuiting aan haar te gee. (Enige een of soortgelyk.)		1	2	2	4
1.7	Deur te dink Anna het die beste lewe moontlik by hulle gehad.		1	2	1	1
1.8	Die honde het die vullis uit die blikke gehaal./Die honde het die vullisblikke omgekantel./Die honde het die vullis (orals) rondgestrooi. (Enige soortgelyke antwoord.)		1	2	2	3
1.9	C/iets gevreet het.		1	2	2	3
1.10	D/jammerte.		1	2	1	3
1.11	'n Hond wat nie volbloed/opreg geteel/goed versorg is nie/het nie 'n eienaar nie/op die paaie bly/nie 'n huis het nie. (Enige een of soortgelyk.)		1	2	2	4

1.12	Sy het die gewoonte gehad om haar besigheid buite die erf/agter 'n bos te gaan doen. (Enige een)	1	2	1	1
1.13	Kobus/Haar man het haar "snacks"/happies/eetgoedjies begin voer. Hy het twee keer 'n dag met haar gaan stap. (TWEЕ punte vir TWEЕ feite)	2	2	1	1
1.14	Ander inwoners het (met hulle honde op die erf) gekom en (weg) gegaan. (en sodoende het sy maatjies gemaak en verloor.)	1	2	2	3
1.15	Sy wou niks meer doen nie./Sy was (glad) nie haarself nie. (Enige een)	1	2	1	1
1.16	Sy sal soos 'n seekoei snork.	1	2	1	3
1.17	Met (die spoed van) 'n Putco bus.	1	2	1	2
1.18	Motivering vir <b>JA</b> . Soms ly die diere baie en dit is hartseer om dit te sien./Die dier ervaar baie pyn./Daar is geen kans dat die dier genees sal word nie./Daar is geen genesing/geneesmiddel vir die siekte nie. (Enige soortgelyke aanvaarbare antwoord.)  Motivering vir <b>NEE</b> . Niemand het die reg om ander se lewe te neem nie./Miskien kan die dier genees word./Dis teen die Bybel/Koraan om 'n lewe te neem, ens.  (Enige soortgelyke aanvaarbare antwoord.)	1	2	1	2
		<b>[20]</b>			

**VRAAG 2: ROLPRENT-RESENSIE**[Verwerk uit *Huisgenoot*, 21 Augustus 2008]

VRAAG	MEMORANDUM		PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
2.1	'n Komedie/drama		1	2	1	1
2.2	Ouer as 13/dertien (jaar).		1	2	1	1
2.3	C/parmantig te wees.		1	2	2	4
2.4	2.4.1	Onwaar	1	2	1	3
	2.4.2	half en half	1	2	1	3
2.5	Sy raak swanger./Swangerskap.		1	2	2	1
2.6	In 'n advertensie./In Penny Saver./In 'n advertensie in Penny Saver.		1	2	1	3
2.7	Sy het agtergekom dat hulle/die paar se lewe nie so gemaklik/gerieflik/aangenaam/sprokiesagtig is nie.		1	2	2	4
2.8	Oscar-bekroonde.		1	2	2	2
2.9	Mense wat van drama/dramas/onkonvensionele stories/komedies hou.		1	2	1	2
			<b>[10]</b>			

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING****VRAAG 4: ELEKTRISITEIT** (Die skokkende waarheid) [Verwerk uit *Mieliestronk.com*]**ASSESSERINGSRIGLYNE****ALGEMEEN**

- Lees die hele opsomming om 'n geheelindruk van die opsomming te kry.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
  - Indien 'n poging in potlood aangewend word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
  - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Indien daar twee sinne by een koeëlpunt gegee word, word slegs die eerste feit nagesien.
- Direkte aanhalings is toelaatbaar.
- Kandidate hoef nie 'n TITEL te verskaf nie.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.
- Indien die kandidaat die opsomming in paragraafvorm aanbied, word die eerste 7 sinne (eerste 75 woorde) van hierdie paragraaf nagesien.

**KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE**

Die hoofgedagte kan in 'n volsin of in 'n sinsnede aangebied word, solank dit sinvol is.	PUNTE
1–3 feite korrek	1
4–5 feite korrek	2
6–7 feite korrek	3

**SKRYF DIE PUNTE SOOS VOLG NEER (horisontaal/vertikaal)**

F	7
T	<u>3</u>
	<u>10</u>

**LET WEL:****Formaat:**

- Selfs indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied word, moet dit geassesseer word.
- Kandidate word nie geenaliseer indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied is nie.

**Woordtelling:**

- Nasieners tel die getal woorde indien dit te lank lyk.
- Indien die kandidate se opsomming te lank is (meer as 70 woorde), word 5 ekstra woorde toegelaat en die res van die opsomming word nie nagesien nie.
- Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui nie.
- Indien die opsomming minder as die voorgeskrewe woorde bevat (minder as 70), maar dit bevat al die hoofgedagtes, word die kandidaat nie geenaliseer nie.

<b>Elektrisiteit – Die skokkende waarheid</b>	
<b>Direkte aanhaling</b>	<b>Aanhaling/Moontlike verwerking</b>
1. Het jy geweet dat elektriese krag die wêreld aan die draai hou. Die voordele daarvan is te veel om op te noem – kyk maar hoe verlore is ons tydens 'n kragonderbreking. En het jy geweet dat die badkamer die gevaarlikste plek in die huis is om 'n elektriese skok te kry? Die gevare van elektrisiteit in en om die huis moet onder geen omstandighede onderskat word nie. Hier is 'n paar veiligheidsmaatreëls in verband met elektrisiteit.	Geen feit nie. Slegs 'n inleidende paragraaf.
2. Wat doen 'n mens as daar 'n elektriese-fout in jou huis is? Jy moet doodseker maak dat jy weet waar die hoofskakelaar van jou huis is sodat jy dit kan afskakel indien daar probleme is.	(Jy moet) weet waar die hoofskakelaar van jou huis is.
3. Alle nat vloere is baie gevaarlik as daar met elektrisiteit gewerk word, daarom moet 'n mens nooit aan 'n elektriese toestel raak as jou hande, voete of jou hele lyf nat is nie.	Moenie aan 'n elektriese toestel raak/as enige deel van jou liggaam/as jou hande, voete of jou hele lyf nat is nie.

<p>4. Jy moet ook nie klere by 'n elektriese verwarmers droog maak en toelaat dat water op dele drup wat "lewend" is nie. Nog belangriker is om nooit aan elektriese toerusting te raak terwyl jy in die bad is nie. Sulke toerusting kan foutief wees of dalk in die water val en 'n elektriese stroom daardeur stuur.</p>	<p>Moenie klere by 'n elektriese verwarmers droog maak nie./Moenie aan elektriese toerusting raak terwyl jy in die bad is nie.</p>
<p>5. Onthou om altyd die prop uit te trek voordat jy water in 'n elektriese ketel gooi. En moenie die koord dadelik om 'n strykyster draai nadat jy klaar gestryk het nie. Gee dit kans om af te koel.</p>	<p>Trek die prop uit voordat jy water in 'n ketel gooi. Moenie die koord dadelik om 'n strykyster draai nie (nadat jy klaar gestryk het.)</p>
<p>6. Moenie muursokke oorlaai deur te veel muurproppe daar in te druk nie (byvoorbeeld proppe vir die televisie, rekenaar, strykyster, verwarmers, platespeler, ens. alles by een punt nie). Die oorlaaiing van muursokke is 'n probleem wat algemeen voorkom.</p>	<p>Moenie muursokke oorlaai (deur te veel muurproppe daar in te druk) nie.</p>
<p>7. Skakel elektriese komberse aan sowat 'n uur voordat jy in die bed klim en skakel dit af voordat jy gaan slaap en onthou om die regte grootte kombes vir die bed te gebruik.</p>	<p>Skakel elektriese komberse aan (sowat) 'n uur voordat jy in die bed klim./Skakel elektriese komberse af voordat jy gaan slaap./Gebruik die regte grootte (elektriese) kombes vir die bed.</p>
<p>8. Dit klink na oorbodige raad omdat almal dit behoort te weet, maar dit kan nie ongesê gelaat word nie: Moenie jou vingers of voorwerpe in sokke insteek of aan elektriese apparate peuter wat nog êrens ingepron is nie.</p>	<p>Moenie jou vingers of voorwerpe in sokke insteek nie./Moenie aan elektriese apparate peuter wat ingepron is nie.</p>
<p>9. En onthou ten slotte veral hierdie baie belangrike beginsel van elektriese veiligheid: Neem aan dat alle elektriese stroombane lewend is tensy jy doodseker gemaak het dat dit nie die geval is nie.</p>	<p>Neem aan dat alle elektriese stroombane lewend is (tensy jy doodseker is dat dit nie die geval is nie.)</p>

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**LW: 9 Feite word aangebied. Kandidate moet net 7 feite gee.**



**AFDELING C: TAAL****ASSESSERINGSRIGLYNE****WOORDSTRUKTURE**

- Spelling moet korrek wees om punt te verdien.
- Die standaardvariant geld.

**SINSTRUKTURE**

- Die **ge-** moet as **EEN WOORD** met die werkwoord geskryf word.
- Die **te** moet in verbinding met die infinitief as **TWEE WOORDE** geskryf word.
- Verder tel spelling glad nie.
- Streektaal kan nie in ag geneem word nie.
- Indien die opdrag aandui dat die kandidaat die sin soos volg moet begin, hoef die hele sin nie uitgeskryf te word nie.
- Indien die opdrag aandui dat die kandidaat die sin moet oorskryf, moet die hele sin uitgeskryf word.

**VRAAG 4: STROKIESPRENT** [Verwerk uit *Volksblad*, 6 September 2012]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
4.1	Vroeër het skoolboelies geweld gebruik, maar deesdae gebruik hulle hul selfone.	1	4	3: Gebruik voegwoorde korrek: <b>maar</b> voegwoord groep 1.	2
4.2	in	1	4	3: Gebruik voorsetsel korrek.	2
4.3	Al die skoolboelies het in die verlede baie onderdanig voor die skoolhoof gebuk.	1	4	2: Gebruik gepaste woordorde in sinne. Volgorde van bywoordelike bepalings: <b>tyd, wyse en plek.</b>	1
4.4	Die hoof wou die stout seuntjie straf./Die hoof wou die stout seuntjie gestraf het.	1	4	1: Gebruik verlede tyd korrek. <b>wil&gt;wou</b>	1
4.5	C/riet	1	4	1: Gebruik vergelyking korrek.	2
4.6	Die meisie hoef nie die skoolseun met 'n boodskap te dreig nie.	1	4	2: Gebruik onbepaalde wyse soos infinitief: hoef + nie + te + ww + nie.	1

4.7	Die stout seuntjie word deur die hoof gestraf./Die stout seuntjie word gestraf deur die hoof./Die stout seuntjie word gestraf.	1	4	1: Gebruik passiewe vorm gepas en korrek. Begin met voorwerp gevolg deur <b>word gestraf</b> . ( <b>deur die hoof</b> is opsioneel.)	2
4.8	Die hoof sê vir die seun dat hy 'n les sal leer.	1	4	2: Gebruik indirekte rede met <b>dat</b> (vgw. 3) hww <b>sal</b> skuif na einde van sin voor ww <b>leer</b> . Vnw. <b>jy&gt;hy</b> .	1
4.9	strenger	1	4	1: Gebruik trappe van vergelyking korrek. Vergrotende trap: <b>kwaad&gt;kwater</b> .	2
4.10	laggende	1	4	2: Gebruik deelwoorde korrek.	1
4.11	Die hoof sal bly wees om die nuwe wet teen kuberboelies te lees.	1	4	1: Gebruik toekomstige tyd korrek <b>is&gt;sal wees</b> (gee verandering na <b>om</b> )	1
4.12	Selfone word deur die skole verbied./Selfone word verbied deur die skole.	1	4	1: Gebruik teenwoordige tyd korrek. ( <b>is deur&gt;word deur</b> )	1
4.13	Het die hoof nog nie die probleem met die ouers bespreek nie?/ Het die hoof die probleem nog nie met die ouers bespreek nie?	1	4	2: Gebruik ontkennde vorm korrek: <b>alreeds&gt;nog nie</b> en <b>nie</b> aan die einde.	2
4.14	Aangesien die skoolkinders nie wil luister nie, is die hoof smookwaad.	1	4	3: Gebruik voegwoorde korrek. Begin met <b>aangesien</b> , hww <b>wil</b> voor ww <b>luister</b> (sin 1) en ww (sin 2) <b>is</b> aan die begin van sin 2.	2

4.15	Die onderwyser is gespanne/hou sy kop/het sy vingers in sy mond/lyk radeloos/sweet/frons/lyk hulpeloos/lyk bekommerd.(1) Die meisie lyk ontspanne/glimlag/is gelukkig/is bly/lyk tevrede/geniet wat sy doen. (1) [Enige soortgelyke antwoorde]	1  1	4  4	1: Interpreteer grafiese teks.	3
		[16]			

## VRAAG 5: STROKIESPRENTJIE

[Meester deur Danie Cronjé]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
5.1	botteltjie	1	4	1: Gebruik verkleinwoord korrek	1
5.2	doodmoeg	1	4	1: Gebruik intensiewe vorm korrek.	1
5.3	Meneer sê dat hy nou moeg (is) vir hulle kriminele neigings (is). [EEN punt vir korrekte plasing van ww. (is) en EEN punt vir verandering van vnwe. (ek > hy <b>en</b> julle > hulle)]	2	4	2: Gebruik indirekte rede met <b>dat</b> (vgw. 3) <b>isskuif</b> voor vs. <b>vir</b> of na einde van sin. Vnw. <b>ek</b> > <b>hy</b> en <b>julle</b> > <b>hulle</b>	1
5.4	Die kinders het die gom gebruik.	1	4	1: Gebruik bedrywende vorm korrek/aktief.	2
5.5	Hy het opgestaan om die skuldige te vind. "opgestaan" moet EEN WOORD wees om die punt te verdien.	1	4	2: Gebruik verlede tyd korrek: <b>het</b> ... <b>opgestaan</b> . Geen verandering na <b>om</b> .	3
5.6	Die onderwyser behoort die stout kinders te dissiplineer.	1	4	2: Gebruik infinitief korrek.	2
5.7	verskyn	1	4	1: Gebruik antoniem korrek.	2
5.8	gefrustreerde	1	4	1: Gebruik deelwoord korrek.	2

5.9	vir	1	4	3: Gebruik voorsetsel korrek.	2
5.10	tafeldoek	1	4	1: Gebruik samestelling korrek.	1
5.11	Omdat iemand die gom van die tafel gesteel het, √ is Meneer smookwaad, √ dus wil hy iets daaromtrent doen. √/ Meneer is smookwaad omdat iemand die gom van die tafel gesteel het √√ dus wil hy iets daaromtrent doen. √	3	4	2: Gebruik voegwoorde akkuraat.	3
		[14]			

**VRAAG 6: ADVERTENSIE**[Aangepas uit: *Afrikaanse Skoolprojekte*, 17 Mei 2011]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
6.1	Om die leser se aandag te kry./Om die woorde te beklemtoon/uit te lig./ Om te wys dat jy help vir Afrikaanse skoolprojekte kan kry.	1	4	3. Identifiseer die impak/betekenis van lettertipe en-grootte, hoofskrifte en onderskrifte.	2
6.2	Is jy nie op soek na Afrikaanse inligting vir projekte of take nie?	1	4	2: Gebruik ontkennende vorm korrek: dubbele <b>nie</b> .	2
6.3	waarna	1	4	1: Pas kennis toe om korrekte spelpatroon te skryf.	2
6.4	propvol [nie <b>stampvol</b> (in hierdie konteks) nie]	1	4	1: Gebruik intensiewe vorm korrek.	3
6.5	kleurvolle	1	4	1: Gebruik byvoegnmw. korrek.	2
6.6	kleure	1	4	1: Identifiseer die korrekte homofoon.	2
6.7	leerlinge/skoliere/leerders	1	4	1: Gebruik persoonsnaam korrek.	1
6.8	takies	1	4	1: Gebruik verkleinwoord korrek	2

6.9	foto's	1	4	1: Gebruik meervoude korrek	2
6.10	uniek	1	4	1: Identifiseer sinoniem	1
		<b>[10]</b>			

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 80**